Litera

Gedigte

Rishma Dunlop	Bodyreading	p. 189
	Cryptographer	p. 190
	Glass	p. 190
	Land of Magic: Éclat	p. 191
	Nocturne	p. 191
	Déboutonnement	p. 192
Joan Hambidge	Love is more beautiful, the second time around	p. 193
	Twee Agfa-foto's van Amsterdam	p. 194
E.W.S. Hammond	Landskap met boom en wolk	p. 195
	Kinderspeletjies	p. 196
A.G. Ullyatt	Within the ambit of its quaint unfolding	p. 197
Geoffrey Hutchings	Long distance	p. 198

Kortverhale

Janie van Zyl	Die slagoffer	p. 199
Conrad Steenkamp	God van die slakke	p. 205

Die rubriek *Litera* word finansieel gesteun deur /
The section *Litera* is financially supported by

STIGTING VIR DIE SKEPPENDE KUNSTE
FOUNDATION FOR THE CREATIVE ARTS

Litera

Rubriek vir skeppende werk

Met die afdeling *Litera* tree ons toe tot die mark vir skeppende werk in al die tale waar daar normaalweg in *Literator* geskryf word.

Dit is die wens van die Redaksie dat die gedigte en kortverhale wat hierby verskyn, baie gedigte, kortverhale en prosa- en dramafragmente in ander inheemse tale sal roep, sodat hierdie blad één geïntegreerde beeld van die korter skryfwerk van jong Suid-Afrikaanse skrywers kan bied.

Dit is met vreugde dat ons die uitnodiging aan veral digters en kortverhaalskrywers rig om skeppende werk voor te lê vir plasing in hierdie rubriek, met die voorbehoud dat ons nie oor die mannekrag beskik om daaroor te korrespondeer nie. Bydraes in **viervoud** moet in dubbelspasiëring getik wees, met die naam en adres van die insender regs bo aan die eerste blad van gekramde tekste en op elke losbladvel wat gestuur word.

Stuur alle bydraes aan die Hoofredakteur, *Literator* (629), Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520.

Section for creative writing

In introducing the section *Litera* we are entering the market for creative work in all the languages that *Literator* normally caters for. It is the wish of the Editorial Board that the poems and short stories printed in this issue will only be the precursor of many poems, short stories, prose and drama fragments in all the indigenous languages, so that the journal will be able to present one integrated image of the short pieces of writing which young South Africans can offer.

It is with great joy that we extend this invitation to especially poets and short fiction writers to submit creative work with a view to publishing them in this section. The only reservation is that we do not have the manpower to enter into correspondence about the works submitted. **Four copies** of contributions have to be submitted. The submissions have to be typed in double spacing, with the name and address of the author at the top right of the first page of stapled text, and on every loose sheet sent in.

Send all contributions to the Editor-in-Chief, Literator, (629), Bureau for Scholarly Journals, Private Bag X6001, Potchefstroom 2520.

ISSN 0258-2279 LITERATOR 15 No. 3 Nov. 1994

Rishma Dunlop

Poems[1]

• Bodyreading: The skin of the earth

Bodyreading

Your hands are a gift
to me.
They have mapped me,
explored in terrains
of luminous manuscripts,
honeyed narratives,
pages turned in my lap.

1 These poems by Rishma Dunlop are from a volume of poetry (*Tango through the Dark*) which forms part of a M.A. dissertation in Creative Writing submitted in the Department of Language Education at the University of British Columbia, Vancouver, Canada. The selected poems are taken from the three subsections "Bodyreading: The skin of the earth", "L' Enfant" and "The choreography of marriage"

Rishma Dunlop

Cryptographer

In your touch,
finger upon my heart,
are disclosed gardens,
valleys of bone,
rivers and moons
of silver marrow,
curves of hip and
arcs of sky,
horizons of shifting knees,
slopes of thigh,
provinces of my soul
imprinted.

Glass

For Robin Blaser

Pour me skinless,
liquid clear
through the glass of language
into the pooled
irises of your eyes.

 ISSN 0258-2279 *Literator 15 (3) Nov. 1994: 189-198*

Rishma Dunlop

- **L' Enfant**

Land of Magic: Éclat

My children smile,
encircling me with their laughter
a pealing sonic radiance,
and the jaded mantle of my day
falls as
I gather them to me,
armfuls of flowers.

Nocturne

I nurse the baby,
her body tightly curled between us.
In the pillowed warmth of our bed,
we breathe to the seething rhythms
of summer-scented night.

I escape into the cool of midnight
to the water's edge.
I bathe in the music, whispers
of grasses and trees,
and the sighing fragrance of lilies.

I invite the blackness in,
sucking pleasure,
mouth to velvet sky.
I am seeded by whole, deep night.

Rishma Dunlop

- **The choreography of marriage**

Déboutonnement

He clasps the pearls
at her nape as
she drifts along
the edges of truth.

She unbuttons the sheath
of artifice
and the inner flesh
is unveiled.

She unpins the brooch
of destiny
and steps away
from the sedate minuet

She opens her heart,
craving
the fierce grip
of a dark erotic psalm.

Joan Hambidge

Love is more beautiful, the second time around

Ons liefde
'n veranderde reisplan,
halfpad gesabotteer:
'n orkaan digby Madagaskar
tas die radar
aan; 'n skielike noodlanding
in die see; 'n sneeustorm
verhoed opstyging – ensomeer.

Met die tweede probeerslag:
gewoonlik plakkers op die reiskaart;
selfs 'n nuwe instapkaart
("U vlug sal wel nou betyds
vertrek en algar dáár reeds in kennis gestel ...")
word iets van die opwinding,
die "onnosel van geluk" á la Eybers
kortweg, subiet geterinineer.

Joan Hambidge

Twee Agfa-foto's van Amsterdam

– na 'n gedig van Sheila Cussons

I

Vuil gragte word gestolde momentopnames
van winterlug ('n sneeustorm in aantog)
en 'n man wat toevallig 'n fiets stoot
oor 'n brug (weg van 'n beminde?) denkend
aan 'n somer van oordaad, van herinnering
– aan die bodem 'n onopgespoorde lyk.

II

Twee winterkinders vlug
voor 'n foto uit
jillende met 'n blaffende hond
'n rooi bal wat wip-wip-wip
tot regvoor 'n geel trem se fluit

 ISSN 0258-2279 *Literator 15 (3) Nov. 1994:189-198*

E.W.S. Hammond

Landskap met boom en wolk

'n Verflenterde bloekomboom vloek
met woedende takke teen
die donker kolk
van 'n dreigende donderwolk.

En klein hier onder in 'n witpad
wat stukkend deur 'n township
kronkel, met klippe en baniere,
toi-toi duisende dreigende figure.

E.W.S. Hammond

Kinderspeletjies

Die politici speel speletjies
met ander mense se lewetjies

Met moordwoorde en frustrasies, vrugteloos
gevang in militêre masturbasies.

Uiteindelik 'n bloedige bestel waar geen reëls
meer tel; almal deel van hierdie helse spel.

 ISSN 0258-2279 *Literator 15 (3) Nov. 1994: 189-198*

A.G. Ullyatt

Within the ambit of its quaint unfolding

This life has been so busy and so full
of missed things:

a small life with just sufficient passion
to make pain
for those within the ambit of its quaint
unfolding.

This life has been quite lacking those moments
of sweet grace
which sustain the divine illusion of
redemption;

just a small life never able to share
with others
the dark terrors of its ecstasies and
loneliness

This life has been so busy and so full
of missed things;
such a small unlovely life in its quaint
unfolding ...

Geoffrey Hutchings

Long distance

There's noise on the line – an echo mocks my voice –
But not before I hear you catch your breath
(Who is the other, giving you what choice?)
Between the lines of breathing speech and death.
You'd think that those who make the lines had skill
Enough to keep communication clean,
But there's noise on the line, no matter what we will,
Innocence is past: we cannot simply mean.

 ISSN 0258-2279 *Literator 15 (3) Nov. 1994:189-198*

Janie van Zyl

Die slagoffer

Geweld het uit die TV-skerm geklim tot binne-in die straat waar wit vooruitstrewend tussen vibacrete-skeidsmure woon. Dit is middag. 'n Donderstorm wat neerdrukkend broei, hou die inwoners agter kantgordyne vasgehok.

Die polisie is aanprysenswaardig vinnig op die toneel. Bedrewe maak hulle opmetings en neem getuienis af. Hulle kan niks meer vir die slagoffer doen nie. 'n Oningeligte het 'n ambulans ontbied, maar die wit ambulans moet leeg omdraai. Die dooie is swart en boonop 'n inbreker.

Opgevoede omstanders protesteer, maar hy gee nie om nie. Die helderrooi flitse van die wit ambulans het sy siel na die poorte van die hemel – of die hel – begelei. Sy liggaam bly stowwerig in die oprit lê en lok die mense en vlieë nader.

Die man sit verdwaas agter die Mercedes se wit deur. Twintig minute gelede was hy 'n vredeliewende, sagsinnige man wat ongemaklik rondgeskuiwe het wanneer die AWB met hulle gewere oor die TV-skerm marsjeer en die IVP en die ANC mekaar in sy sitkamer verpletter. "Jy mag nie doodslaan nie," prewel hy die sesde gebod oor en oor, "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."

Hy druk sy hand, waaraan die bloed vlekkerig kleef, oor sy oë, maar hy kry nie die beelde, wat soos die nabyskote uit 'n riller voor hom afspeel, afgeskakel nie ...

Die straat was stil. Die wind het met rukke die lower van die goedversorde struike deurmekaar kom krap en dan weer om die hoek gaan asemskep. Lui reëndruppels was tydsaam besig om 'n kollepatroon op die middeljarige man, wat met die grassnyer aan die peuter was, se grys hemp te teken.

Hy het die vrou hoor skreeu. En toe hy opkyk, was haar mond wyd oop en haar hande het in die rigting van die vibacrete-muur agter haar huis beduie. Hy het gesien hoe die swart man met iets in sy hande oor die muur verdwyn. "Hy het my beursie en juwelekissie gevat," het sy getier. "Jy moet my help!"

Die man wil nie verder kyk nie. Hy haal sy hand voor sy oë weg, maar wanneer hy die nuuskierige gesigte teen die motorvenster sien, maak hy sy oë weer vinnig toe ...

Hulle het in haar wit Mercedes deur die bekende strate gery. Die man was stil. Hy het die pistool, wat sy in sy hand gestop het, teësinnig gelaai. Die vrou het bestuur en die motor vasberade, soos 'n bloedhond, op die inbreker se spoor gestuur. "Vandag kry ons die bliksem. Ek wéét hoe hy lyk. Hy gaan nie sommer helder oordag verdwyn nie. Dit is tyd dat die donners 'n les geleer word," het sy gewoed.

Met skreeuende remme het sy die inbreker, twee blokke verder, afgesny. Die kragtige enjin van die wit Mercedes het saggies in die dief se pad geluier. Die wit man het hom nader geroep. Paniek en wraak het soos 'n masker oor die swart man se gesig gegly. Sy oë vol gal het haat gebraak toe hy sy mes uitdagend lig. Die wit man het bedees gemaan en die swart pistoolloop huiwerig gerig.

"Skiet hom! skiet hom!" het sy met 'n bloedrooi mond geskreeu.

'n Vlymskerp bliksemstraal het die middag oopgeklief toe die lem oor die man se voorarm flits. Sy naaste het deur die lens van die motorvenster vir hom gegrynslag toe hy sy swart hart stukkend skiet. 'n Wal bloed het deur die inbreker se mond opgestoot en die werklikheid genadiglik weggespoel sodat net die donker agterbly ...

Die staalblou uniforms en groen en bruin onlusuitrustings verweef gerusstellend met die agtermiddagklere van die omstanders en die ousies – wat verder straat-af saamkoek – se bont overals.

Die sersant het die situasie onder beheer. Wanneer een van die omstanders na 'n dokter vra (dit lyk asof die man in die Mercedes flou geword het), beweeg hy die nuuskieriges flink uit die pad en beduie vir 'n jong konstabel hoe om die bloeding aan die man se voorarm te stelp.

Die wit mense staan paar-paar opgewonde en praat. Hier en daar word 'n kind aangesê om gou vir tannie so-en-so – wat al weer sit en sepies kyk en soos gewoonlik die lewe misloop – te gaan roep. 'n Ma onderbreek die opmetings en dring daarop aan dat die inbreker bedek word. Gehoorsaam hardloop 'n kind en bring 'n swart vullissak om oor die dood te gooi.

Die seuntjies se ondersoek is vinnig afgehandel. Hulle het klaar by die oprit opgejaag en met hulle fietse wheelies op die grasperk langs sy kop gegooi. Hulle blik op die dood was teleurstellend. Die inbreker kon nie met Mad Max se silwerdoekslagoffers meeding nie. Verveeld gaan hulle verder straat-af die swar-

tes met hulle blink bergfietse tart. Die dogtertjies bly. Hulle staan veilig onder hulle mammas se blaaie en gril oor die bloed wat jellierig aan die plaveisel kleef.

Die bostelegraaf het die swart mans vroeër as gewoonlik huis toe ontbied. Hulle staan astrant nader om hulle eie op te eis. Vanmiddag luier hulle nie by die Spar en Liquour Town om die hoek, totdat hulle ongesiens saam met die donker by die tuinhek kan insluip nie.

Paraat rol die jong konstabeltjies die wit en rooi plastiekskeidslyn uit en knoop die punte om 'n lamppaal en geel koorsboomstam in die netjiese tuin vas. Die walletjie wat die tuinman 'n paar uur gelede met sorg gespit het, lê platgetrap wanneer hy terugstaan en die swartes ferm van die toneel wegkeer: "Skoert, basta, gee pad. Ons kan nie werk nie, julle is in die pad."

Die afjak trek die los trossies in 'n linie op die straathoek saam. Die waarheid – waarvan hulle argeloos uitgesluit is – word in Sotho en met handgebare onder mekaar verdraai. Agter die plastiekband, het die swart konstabel, saam met die wittes, sy rug op hulle gedraai.

Die wit en rooi plastiekband kan nie die moeders van mekaar afsny nie. Terwyl die mans bedags die land beneuk, leef hulle in die huise naby mekaar. Wie is sy ma? Het hy die buurt leer ken toe hy vir háár kom kuier het en moes hand bysit met los werkies om die huis?

Die omstanders wag gespanne, terwyl die storm tasbaar groei. Donderwolke bots dreigend en die dreuning trek deur die straat wat tussen wit en swart deursny. Die sersant kyk ongeduldig op sy horlosie en vloek die swart ambulans wat wegbly. In die vangwaens begin die honde onrustig tjank. Hy weet nie of dit die weer – of die saamtrek op die hoek – is wat hulle ontstel nie.

Die jong konstabeltjie het die bloeding aan die man se arm gestelp en hom weer bygekry, maar hy kan nie die storm keer wat binne-in die man woed nie: Jy mag nie doodslaan nie. Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Jy moet ook jou vyande liefhê. Het my naaste ook die verrukking van 'n sagte vrouelyf onder syne geken? Het hy geweet hoe dit voel om vreugde te gee en vrede te ontvang? Of het hy die swart vrouens in die townships met dwang geneem soos die beursies en juwele van die wit vrouens in die buurt?

Die sersant beur verby die omstanders tot teenaan die oop venster: "Dankie dat u gewag het. Dit is duidelik 'n geval van selfverdediging. Ons sal u kontak sodra die ondersoek afgehandel is. Die pistool en gesteelde goedere moet as bewysstukke gehou word."

Hy hou die staatsdiensbalpuntpen met die vaal gekoude agterkant na die man uit: "Sal u asseblief die verklaring vir ons teken?"

Die man teken sonder om te lees en soek oor die sersant se skouer na sy buurvrou ...

Sy is onbewus van sy wroeging – sy gedy onder die aandag en glimlag hulpeloos vir die mans wat haar (vertroostend) teen hulle vasdruk, terwyl besorgde vrouens vir haar suikerwater (vir die skok) aandra en haar bruingebrande, kaal skouers met 'n kniekombersie (teen die koue) toemaak.

Die storm open sy overture met 'n donderslag. Enkele druppels bars ongeduldig uit die syskerm en voer 'n dolle dans op die teerpad uit, voordat 'n watergordyn oor die toneel sluit. Die vrouens spat eerste uitmekaar. Die wit vrouens is skielik haastig om na die vertroude weelde van Egoli te ontvlug. Die ousies skarrel skuldig terug na die bekende veiligheid van kospotte wat op die stoof aanbrand en stowwerige skoolskoene wat vóór môre blinkgevryf by die voetenent van kinderbeddens moet wag.

Vies oor hulle kantoorpakke wat verlep aan hulle nat skouers hang, draai die wit mans rond en gluur dreigend oor die wit en rooi plastiekband in die rigting van die swart mans wat – gewoond aan plakkershuise – ongeërg die reën ignoreer. Van die wit mans beweeg weer nader en klop die man in die Mercedes vir oulaas bemoedigend op die skouer. Hulle wens nog geluk: "Ons sal hulle wys wie baas is. Ons is trots op manne soos jy wat die kinders en vrouens van hierdie buurt beskerm."

Gekondisioneerd gehoorsaam die speurders en konstabels die stem van die radio's wat uit die vangwaens en squad cars roep. Hulle vertrek met skreeuende bande na die volgende misdaadtoneel.

Die reën het die swartsak weggespoel. Die wydgesperde visoë van die inbreker staar belangeloos na die swart mans wat agter die wit base se nat rûe weer nader beweeg. Ongeroer deur die blikke vol haat, tuur die sersant in die rigting van die storm en dan weer in die straat af: "As die verdomde ambulans net sal kom en die storm sal verbytrek." Hy het die kinders belowe dat hulle vanaand na Rambo by die drive-in kan gaan kyk.

Die verset spoel saam met die reën – wat al harder val – by die teerstraat af. Die tamheid het saam met die koue onder hulle velle ingekruip en die swart mans, lyfseer van die dag se handearbeid, keer terug na die droë enkelbeddens wat op bakstene staan en wag. Hulle ken nie die inbreker nie – laat die Pote die Boere se gemors skoonmaak.

Die vrou laai die man by sy voordeur af. Sy is haastig om by die huis te kom. Die ousie moet nog die bloedvlek van die motor se bekleedsel afwas. Daarna wil sy gaan bel ...

Die riller begin weer draai: Die bang gesigte van sy vrou en twee kinders lyk bleek onder die dowwe sitkamerlig. Hulle skram weg van die vingers wat die sneller getrek het en nou onseker by hulle kom troos soek ... 'Jy mag nie doodslaan nie. Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' Hy het doodgeslaan vir sy naaste oorkant die pad – dié een met die kort shorts wat tydig en ontydig sy hulp met die grassnyer kom vra ...

Die beriggie op bladsy twee van die oggendkoerant is bondig en kort: "Inbreker doodgeskiet in stil woonbuurt." Die mense slaap lekker. Die sersant het hulle ook verseker dat hulle 'n rustige maand of twee sal beleef. Swart mense verstaan geweld.

Die man slaap nie. Wanneer hy sy oë sluit, begin die riller rukkerig agter sy ooglede rol. Hy staan swaar op en loop na die badkamer – hy wil sy hande was. Hy vryf steeds met die handdoek oor sy hande toe hy terug kamer toe loop. Hy soek in die donker na die koestering van haar sagte lyf, maar sy vrou het omgedraai en haar rug is hard wanneer sy hande oor die weggedraaide werwels gly. Hy draai weer om en loop in die gang af na die kinders se badkamer. Buite reën dit en die straatlig boor soos 'n bose oog deur die trane teen die ruit. Die water wat uit die kraan roggel, vlek sy hande donkerrooi.

Hy is moeg. Hy kan nie langer die hoofspeler wees nie. Die riller moet ophou draai ...

Hy loop na die studeerkamer en haal die brandkluis se sleutel uit sy lessenaar se laai. "Jy mag nie doodslaan nie," verbied die dominee se stem met die inbreker se mond wat rooi teen sy gesig grynslag. "Skiet hom. Skiet hom!" gil sy buurvrou.

Gehoorsaam trek hy die sneller.

Hierdie keer sou die seuntjies van die buurt tevrede na die dood kon kyk. Die slottoneel is met bloed en breinstof besmeer en 'n nabyskoot ontbloot 'n oogbal se binnekant ...

Die buurt bly in die nuus. Die voorblad hierdie keer: "Inwoners geskok – held neem eie lewe."

Die slagoffer is gelukkig. 'n Vriendelike jong konstabeltjie het vanmiddag haar pistool en gesteelde goedere terug gebring. Hulle het dit nie meer as bewysstukke nodig nie. Daar gaan nie 'n hofsaak wees nie.

Sy sit die kleingeld in die melkbottel op die vensterbank en gooi haar leë beursie ongeërg onder die oop kombuisvenster neer. Die twee koerantuitknipsels bêre sy binne-in die juwelekissie, bo-op die junk jewellery (haar naam word in al twee die beriggies genoem). Sy is net vies oor die Afrikaanse spelling – 'Adel' so sonder die ekstra Franse 'l' en die 'é' lyk darem so gewoon, dink sy spytig, wanneer sy die juwelekissie op haar spieëltafel tussen die glasbotteltjies en duur velsorgrome inskuif.

Sy smeer haar mond sorgvuldig rooi en kam met haar vingers deur die sonstrepe in haar hare voordat sy die pistool optel en studeerkamer toe stap. Sy sluit dit saam met haar erfstukke in die brandkluis agter die Claerhout weg en kyk nog oor haar skouer of die prent nie skeef hang nie, wanneer sy agter die lokliedjie van "The Bold and the Beautiful" in die gang afloop.

Conrad Steenkamp

God van die slakke

Ek wil so graag weer duik. Eenvoudig net op die sand onder die water sit met die bottel op my rug, vars koue lug in my mond en longe. Ek hoor die suigklap van die mondstuk se klep, die lug wat al groterwordend boontoe borrel.Ver bo my spoel golwe ritmies na die kus, 'n ligte opbou van druk en oorgly. Seegras en kelp wieg met die suig van die water. Sand, klippies en stukkies skulp kriewel en knerp teen mekaar. Sagte klein klikkies, soos in 'n groot pyp, 'n aanhoudende geruis en beweging. En om my is lewe. Vissies swem tussen die rotse. Hulle voeler soos katvisse deur die sand of wei tussen die alge op die klippe. 'n Paar groot kolsterte swem voor my rond, een met 'n ou wond agter sy rugvin, 'n duik in die gladde vel. Ek draai 'n klip om en dosyne honger vissies is onmiddellik daar om daaraan te knabbel. Die groot wêreld onder die water.

Ek sou so graag so onder die see wou kon sit en skryf. So graag so 'n job wou hê. Niemand steur my nie. Die klerke in hulle swart pakke gee na die eerste pogings op om my te bereik. Die water lek altyd deur die plastiekfoelie wat die dokumente moet beskerm. Halfpad na onder gaan een se briewetas oop. Die papiere, almal in plastiek gehul, skiet op na die oppervlakte en word kus toe gewaai. Hulle spartel om my in die water rond, verloor skoene; sokkies hang soos slap tonge van hulle voete. Een se das haak tussen die klippe vas. Hoe harder hy na bo streef, hoe nouer trek die das. Hy gee moed op en dryf soos 'n vet vlag in die water, arms en bene uitgesprei, tong blou tussen die tande.

Die origes swem met flappende baadjiepante soos pylsterte terug na die kus. Hulle laat 'n streep tasse, klere, penne en goed agter. Wolke blou ink spoel heen en weer deur die water. Een ou het uit angs 'n wind in sy broek gelaat. Die broek dobber na die oppervlakte toe. Hoe hoër dit dobber, hoe meer blaas dit op, soos 'n rubberpop. 'n Paar visse kom verby, dieselfde kolsterte dink ek. Hulle knibbel aan die briewetas en swem dan teleurgesteld voort.

Ek sit rustig terug agter my lessenaar en rook 'n pyp onder die water. Ek blaas die rook uit, 'n bruingeel streep soos die stroom dit vat. Dit stol en val soos 'n teerstraat tussen die rotse neer. Binne 'n paar minute het die krappe reeds begin

om die gebied om die nuwe snelweg te bewerk. Eers bou hulle klein kafeetjies waar moeë reisigers soos die slakke 'n koppie koffie en 'n toebroodjie kan kry. Dit is soos die ontplooiing van 'n nuwe beskawing voor my oë.

Die verloop is vinnig. Na 'n uur of so word die krappe se klein huisies platgestoot. Kasino's verskyn, vakansiehuise, villas. Groot visse swem met stadige, statige bewegings met die teerstraat langs, gevolg deur 'n skool wyfies. Af en toe word selfs 'n arme krap opgevreet en sy hut as 'n vreeslik alternatiewe en rustieke vakansiehuis gebruik. Een vet vis plak selfs 'n vieslike fabriek voor my neus neer en gluur my aan asof ek 'n leë vishoek is.

Werkers stroom in die fabriek in, klein vissies, krappe en garnale, bewaak deur brutale seekatte. Elke nou en dan skiet 'n arm soos 'n sweep uit. Velle, skubbe en doppe spat. Wedywerende Vetvisse begin 'n oorlog. Diktators stuur troepe oor die rotse.

Moord, verkragting, marteling – dit is aaklig! Ek besef dat ek met my onskuldige pyprokery 'n monster geskep het ...

Ek styg agter my lessenaar op. Met hamer en beitel slaan ek die teerstraat in stukke, vergruis die kasino's. Visse vlug. 'n Paar seekatte staan parmantig nader, maar wyk toe hulle besef dat ek nie te stop is nie. Ek maak alles gelyk met die sand. Al wat aan die ekonomiese bloeitydperk herinner, is 'n paar brokke teer, plat vakansiehuise en 'n aantal dooie slakke.

Binne 'n paar minute is die krappe egter terug en begin geduldig om 'n postindustriële beskawing tussen die brokke en stukke op te bou. Dit is 'n epog van besinning. Groot filosowe ontstaan soos die watergemeenskap leer dat daar meer aan die lewe is as bloot te leef. Ek begin 'n gesprek met een, 'n ou slak wat boop 'n rots sit, sy skulp vol mos.

A: Wat beteken die lewe vir 'n vis?

B: Wat van molluske?

A: Goed. Wat beteken die lewe vir visse en molluske?

B: Waarom dink jy dat die lewe iets vir visse en molluske moet beteken?

A: Ek bedoel dat daar 'n sin moet wees, of ten minste dat die visse en molluske iets moet *voel* oor die feit dat ek 'n beskawing begin en vernietig het.

B: Voel jy 'n bietjie soos 'n god?

A: Wel ... 'n bietjie, as ek eerlik is. U weet dat ek vir alles wat gebeur het verantwoordelik is.

B: Hoekom voel jy verantwoordelik?

A: Nou ja ... as ek nie gerook het nie ...

B: Toe jy gerook het, het jy geweet wat die gevolge daarvan gaan wees?

A: Ja en nee – ek weet rook is ongesond, maar ek kon nie weet dat dit so 'n impak op 'n vreedsame gemeenskap kan hê nie.

B: Met ander woorde, jy meen dat jy skuldig is, alhoewel jy onskuldig was.

A: Gewis.

B: Kan dit wees dat jy my vra wat die lewe vir 'n vis beteken ...

A: En molluske ...

B: En molluske ... omdat jy skuldig voel – en omdat jy wil weet hoe jou aksies deur ander beoordeel word?

A: Noudat u dit so stel ... dit is wel moontlik ... Goed, dit is heel waarskynlik.

B: As ek sou sê dat die visse en molluske geen sin in die lewe sien nie, sou jy dan minder skuldig voel?

A: ... Miskien het u reg.

B: En as ek sou sê dat visse en molluske wel iets oor die lewe voel, dan sou jy meer skuldig voel?

A: Gewis, noudat u die alternatiewe so duidelik gestel het ...

B: Moet 'n etiek dan daaraan verbonde wees dat 'n wese van jou aksies bewus is?

A: Goeie vraag. So het ek nog nie daaraan gedink nie.

B: Dan sou jy toegee dat jou oorspronklike vraag sinneloos is?

A: Absoluut – ek trek my vraag terug. U het my oortuig dat dit 'n lawwe vraag was.

B: Sou ek reg wees indien ek sou sê dat hierdie slotsom jou egter geensins beter laat voel nie?

A: Laat ek sien ... Ja, inderdaad. Ek dink u het my die enigste moontlikheid om beter te kan voel weggeneem. Ek het geleer dat 'n etiek nie verbonde moet wees aan wat iemand of iets oor jou voel of dink nie. Dus sit ek nog steeds met die probleem dat ek verantwoordelik en skuldig voel.

Hier neem ons gesprek 'n interessante wending. Die ou slak mompel net "goed so ..." en trek sy lyf, styf weens die ouderdom, stadig in sy dop terug.

'n Ruk lank sit ek stomgeslaan op die sand voor die klip. Gedagtes en gevoelens jaag deur my brein. En vir een oomblik oorweeg ek dit selfs om die ou filosoof uit die weg te ruim. Een goddelike klap op sy dop. Maar selfs dié uitweg, begryp ek, sou my probleem nie kleiner maak nie. Dus voer wroeging en vertwyfeling my op 'n uitgerekte swerftog deur die waterland. Ek verklee myself en probeer om ongesiens in die massas te verdwyn. Maar met min sukses. Meestal word ek herken en vermy. Ek wyk uit na verlate streke, na die kelpwoude, leef van seegras en aas wat van hoeke afgeval het. Op die ou einde, uitgeput deur my wedervaringe, uitgemergel en verhonger, vind ek 'n rustige plek op 'n kol sand, omring deur waaiende kelp.

'n Oester klap soos 'n vreemde voël deur die water.

"Haai!" roep ek omdat ek lanklaas met iemand gepraat het. Sy slaan egter geen ag op my nie en eers toe besef ek dat sy op vlug is. Verder terug lê nog 'n oester in die omarming van 'n seester. Die pompe in die seester se arms suig. Hy kraak die oester soos 'n oog oop en knak sy rug. Die voue fyn vlees spoel in die water.

Die seester kruip in die dop in en begin om te vreet. Liederlik. Die arme oester is nog lewendig.

Maar ek word aangedryf deur die dringende begeerte om te praat.

"Ekskuus", sê ek. "Jammer om te pla ..."

Een van die seester se parapodia snuffel in my rigting, maar hy vreet verder. Stukkies vlees hang vodderig in 'n wolk om die twee en die oester stribbel swak teë.

A: Weet jy enigiets van die ou slak?

B: Watse slak.

A: Die ou een, vol mos, wat altyd op 'n klip gesit het.

B: Watse klip.

A: Man, die een wat met die god gepraat het en hom in die verbanning gestuur het.

B: Watse god.

A: Die god van die slakke.

B: Watse slak.

A: Fok ... Hy was 'n groot filosoof!

B: Wat's ...

Die seester, kom ek agter, kon skaars ordentlik praat. Dan besef ek, en dit skok my, dat ek generasies lank weg was ... Die hoogkultuur het uitgesterf. Die gedagtes van die filosowe is vergete. Selfs die herinnering aan my was dood. Alles dood.

Stadig swem ek na die strand terug en wonder oor al die implikasies van verantwoordelik voel, om onskuldig aan iets skuld te hê. En hoe die tyd soos 'n magtige golf oor alles spoel, en mens van jou verlede bevry.

Conrad Steenkamp se debuutroman, *Thomas en die gat in die heelal* is pas gepubliseer deur HOND-uitgewers. Beskikbaar by Exclusive Books teen R39,95.